respondent van voorneme is om die aansoek te bestry, en verder vermeld dat as kennis nie aldus gegee word nie, die aansoek op 'n bepaalde dag, minstens 10 dae na betekening van die kennisgewing aan die respondent, vir beregting ter rolle geplaas sal word:

Met dien verstande dat—

(aa) vir die doeleindes van hierdie subreël, sal die dae tussen 21 Desember en 7 Januarie, albei ingesluit, nie by die toegelate tyd vir die aflewering van 'n kennisgewing van voorneme om te bestry of die aflewering van enige beëdigde verklaring ingereken word nie;

(bb) die bepalinge van subparagraaf (aa) sal nie op aansoeke wat ingevolge subreël 6(12) van hierdie reël en aansoeke wat ingevolge reël 43 gebring word, van toepassing wees nie."

(b) deur in subreël (5)(d) subparagrafe (i), (ii) en (iii) onderskeidelik deur die volgende subparagrafe te vervang:

"(d)Iemand wat die toestaan van 'n bevel in die kennisgewing van mosie aangevra, bestry[, moet]—

(i) moet binne die tyd in die kennisgewing vermeld, die applikant skriftelik kennis gee dat hy of sy van voorneme is om die aansoek te bestry, en in sodanige kennisgewing 'n adres vermeld binne **[15] 25** kilometer van die kantoor van die griffier en 'n elektroniese posadres, indien dit aan sodanige persoon beskikbaar is, waarvan enige een 'n adres is waar sodanige persoon kennisgewing en betekening van alle dokumente sal aanvaar, asook sodanige persoon se **[pos-, faksimilee-] posadresse** of **[elektroniese posadresse] faksimilee-adresse** indien beskikbaar;

(ii) moet binne **[vyftien] 15** dae na kennisgewing aan die applikant van sy of haar voorneme om die aansoek teen te staan, sy of haar antwoordende beëdigde verklaring, indien enige, aflewer saam met enige desbetreffende dokumente indien; en

(iii) as hy of sy van voorneme is om enige regspunt te opper, moet hy of sy 'n kennisgewing aflewer van sy of haar voorneme om so te doen, binne die tydperk vermeld in die voorafgaande subparagraaf, en sodanige regspunt vermeld.";

(c) deur in subreël (5)(f) subparagraaf (iii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(iii) As die aansoeker nie binne die betrokke tyd 'n datum aanvra nie, kan die respondent dit onmiddellik by verstryking doen. Skriftelike kennisgewing van die toegewese datum **[moet] word** deur die applikant of respondent, na gelang van die geval, aan die teenparty gegee **[word]** binne vyf dae vanaf kennisgewing van die griffier."

### Wysing van reël 8 van die Reëls

3. Reël 8 van die Reëls word hierby gewysig deur subreëls (1), (5), (6), (7), (10) en (11) deur die volgende subreëls te vervang:

(a) "(1) Waar iemand regtens vir voorlopige vonnis gedagvaar kan word, geskied dit by wyse van 'n dagvaarding so na moontlik bewoord soos Vorm 3 in die Eerste

Bylae, waarby hy of sy opgeroep word om die geëiste bedrag te betaal of anders persoonlik of by monde van 'n advokaat of 'n prokureur wat kragtens artikel 4(2) van die Wet op die Reg op Verskyning in Howe, 1995 (Wet No. 62 van 1995), die reg op verskyning in die Hooggeregshof het, te verskyn op 'n dag in die dagvaarding genoem, synde minstens 10 dae na die betekening daarvan, om sy of haar aanspreeklikheid te erken of te ontken.”;

- (b) “(5) Op die dag in die dagvaarding genoem kan die verweerder persoonlik of by monde van 'n advokaat of 'n prokureur wat kragtens artikel 4(2) van die Wet op die Reg op Verskyning in Howe, 1995 (Wet No. 62 van 1995), die reg op verskyning in die Hooggeregshof het, verskyn om sy of haar aanspreeklikheid te ontken of te erken, en hy of sy kan laatstens voor middag van die tweede hofdag voor dié waarop hy of sy opgeroep is om te verskyn, 'n beëdigde verklaring aflewer wat die gronde bevat waarop hy of sy aanspreeklikheid betwis, in welke geval die eiser 'n redelike geleentheid gegun word om daarop te antwoord.”;
- (c) “(6) As die verweerder by die verhoor sy of haar aanspreeklikheid erken of as hy of sy voorheen 'n erkenning van aanspreeklikheid by die griffier ingedien het wat deur hom of haar onderteken is en geattesteer is deur 'n prokureur wat vir hom of haar optree en nie vir die teenparty nie, of anders by beëdigde verklaring bevestig is, kan die hof finale vonnis teen hom of haar gee.”;
- (d) “(7) Die hof kan mondelinge getuienis betreffende die egtheid van die verweerder of sy of haar gevolmagtigde se handtekening op die dokument waarop die eis vir voorlopige vonnis berus, aanhoor of betreffende die volmag van die verweerder se gevolmagtigde.”;
- (e) “(10) Iemand teen wie voorlopige vonnis toegestaan is kan alleen tot die prinsipale saak oorgaan as hy of sy die vonnisskuld en getakseerde koste betaal het of as die eiser versuim om op aanvraag behoorlik sekerheid ingevolge subreël (9) te stel.”; en
- (f) “(11) 'n Verweerder wat tot die prinsipale saak mag en wil oorgaan, moet binne twee maande nadat voorlopige vonnis toegestaan is, 'n kennisgewing van sy of haar voorneme aflewer, in welke geval die dagvaarding geag word 'n gekombineerde dagvaarding te wees, waarop hy of sy binne 10 dae 'n pleit moet aflewer. By gebreke van sodanige kennisgewing of pleit word die voorlopige vonnis ipso facto 'n finale vonnis en verval die sekerheid wat deur die eiser gestel is.”

#### **Wysiging van reël 16 van die Reëls**

4. Reël 16 van die Reëls word hierby gewysig deur in subreël (2) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:



"(b)As die bedoelde party nie 'n ander prokureur aanstel nie, moet die party in die kennisgewing van opsegging ook 'n adres aangee wat binne **[15] 25** kilometer van die kantoor van die griffier is en 'n elektroniese posadres, indien aan sodanige party beskikbaar, vir die betekening, by enige een van die adresse, aan die party van alle dokumente in die verrigtinge, asook die party se pos- af faksimilee-adresse, indien beskikbaar."

#### Wysiging van reël 17 van die Reëls

##### 5. Reël 17 van die Reëls word hierby gewysig

(a) deur in subreël (3) paragrawe (a) en (b) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"(3)(a) Elke dagvaarding moet deur die eiser se prokureur onderteken wees en 'n prokureur se fisiese adres bevat wat binne **[15] 25** kilometer van die kantoor van die griffier af is en waar beskikbaar, sodanige prokureur se pos-, faksimilee- en elektroniese posadres], die prokureur se posadres en, indien beskikbaar, die prokureur se faksimilee-adres of elektroniese posadres vertoon].

(b) As geen prokureur optree nie, moet die dagvaarding deur die eiser onderteken wees, en ook 'n adres binne **[15] 25** kilometer van die kantoor van die griffier af bevat en waar beskikbaar, die eiser se pos-, faksimilee en elektroniese posadresse, by enige een waarvan [, waar] die eiser betekening van die daaropvolgende dokumente in die geding sal aanvaar], die eiser se posadres en, indien beskikbaar, die eiser se faksimilee- en elektroniese posadres]."

#### Wysiging van reël 18 van die Reëls

6. Reël 18 van die Reëls word hierby gewysig deur subreëls (1), (4), (5), (6), (9) en (10) deur die volgende subreëls te vervang:

- (a) "n Gekombineerde dagvaarding en elke ander pleitstuk behalwe 'n dagvaarding, moet onderteken word deur sowel 'n advokaat as 'n prokureur, of in die geval van 'n prokureur wat kragtens artikel 4(2) van die Wet op die Reg op Verskyning in Howe, 1995 (Wet No. 62 van 1995), die reg op verskyning in die Hooggeregshof het, slegs deur sodanige prokureur, of, as 'n party persoonlik optree, deur daardie party self.";
- (b) "(4) Elke pleitstuk bevat 'n duidelike en bondige stelling van die wesentliche feite waarop die eis, verweer of antwoord, na gelang van die geval, berus, in voldoende besonderhede om die teenparty in staat te stel om daarop te antwoord.";
- (c) "(5) Wanneer 'n party in 'n pleitstuk 'n feitebewering in die vorige pleitstuk van die teenparty ontken, moet hy of sy nie ontwykend wees nie, maar die wesentliche punt beantwoord [en nie ontwyk nie].";

- (d) “(6) 'n Party wat in sy of haar pleitstuk op 'n kontrak steun, moet meld of die kontrak skriftelik of mondeling is en wanneer, waar en deur wie dit gesluit is, en as die kontrak skriftelik is, moet 'n ware afskrif daarvan of van die gedeelte waarop in die pleitstuk gesteun word, by die pleitstuk aangeheg word.”;
- (e) “(9) 'n Party wat 'n verdeling, oordrag of verbeuring van bates eis in 'n egskeidingsgeding ten aansien van 'n huwelik buite gemeenskap van goed, moet besonderhede verstrek van die gronde waarop daar beweer word dat hy of sy op sodanige verdeling, oordrag of verbeuring geregtig is.”; en
- (f) “(10) 'n Eiser wat vir skadevergoeding dagvaar, moet die skade so uiteensit dat die verweerder redelik in staat is om die quantum daarvan te skat: Met dien verstande dat 'n eiser wat vergoeding vir persoonlike beserings eis, sy of haar geboortedatum, die aard en omvang van die beserings en die aard, gevolge en duur van die ongeskiktheid wat na bewering die skade veroorsaak, moet aangee en sover doenlik afsonderlik moet meld hoeveel, indien enige, geëis word vir—
- (a) mediese koste en hospitaal- en ander soortgelyke uitgawes en hoe daardie koste en uitgawes saamgestel is;
- (b) pyn en lyding, met vermelding of dit tydelik of permanent is en watter beserings daarvoor verantwoordelik is;
- (c) ongeskiktheid ten opsigte van—
- (i) verdienste (met vermelding van die verdienste tot op datum verloor en hoe die bedrag saamgestel is en die beraamde toekomstige verlies en die aard van die werk wat die eiser in die toekoms sal kan verrig);
- (ii) lewensgenietinge (met vermelding van besonderhede);] en met vermelding of die betrokke ongeskiktheid tydelik of permanent van aard is; en
- (d) skending, met 'n volledige beskrywing daarvan en met vermelding of dit tydelik of permanent is.”

#### Wysiging van reël 19 van die Reëls

##### 7. Reël 19 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur in subreël (3) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(3)(a) Wanneer 'n verweerder kennis gee van voorneme om die saak te verdedig, moet die verweerder in sodanige kennisgewing die verweerder se volledige woon- of besigheidsadres, posadres en, indien beskikbaar, faksimilee-adres **[en elektroniese posadres]** verskaf en ook 'n adres aanwys wat nie 'n posbusadres of poste restante is nie, binne **[15] 25** kilometer van die kantoor van die griffier en 'n elektroniese posadres waar beskikbaar, vir die betekening aan die verweerder **[aldaar]** by enige een daarvan van alle dokumente in so 'n aksie, en betekening daarvan by die adres aldus aangegee is geldig en afdoende, behalwe waar 'n hofbevel of die hofpraktyk persoonlike betekening vereis word.”

**Wysiging van reël 21 van die Reëls**

8. Reël 21 van die Reëls word hierby gewysig deur subreëls (2), (3) en (5) deur die volgende subreëls te vervang:

- (a) "(2) Na die sluiting van pleitstukke kan 'n party, laatstens **[tuintig]** 20 dae voor die verhoor, 'n versoek afilewer waarby uitsluitend besonderhede wat streng gesproke nodig is om hom of haar vir die verhoor te kan voorberei, aangevra word, en daaraan moet binne **[tien]** 10 dae na ontvangs voldoen word.";
- (b) "(3) Die versoek om verdere besonderhede vir die verhoor en die antwoord daarop moet, behalwe waar die party die geding persoonlik voer, onderteken word deur sowel 'n advokaat as 'n prokureur, of in die geval van 'n prokureur wat kragtens artikel 4(2) van die Wet op die Reg op Verskyning in Howe, 1995 (Wet No. 62 van 1995), die reg op verskyning in die Hooggeregshof het, slegs deur sodanige prokureur."; en
- (c) "(5) Die hof moet na afloop van die verhoor **[mero motu]** uit eie beweging beoordeel of die verdere besonderhede streng gesproke nodig was en alle koste van en voortvloeiende uit 'n onnodige versoek of antwoord, onverhaalbaar verklaar en **[hy]** die hof kan enigeen van die partye beveel om die koste wat daardeur verspil is, te betaal, desverkieënd op die basis van prokureur en klient."

**Wysiging van reël 34 van die Reëls**

9. Reël 34 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (8) deur die volgende subreël te vervang:

"(8) Indien daar vereis word dat 'n kennisgewing van die aanvaarding van die aanbod of tender kragtens subreël (6) of die kennisgewing kragtens subreël (7) by 'n ander adres as dié in reël 19(3) vermeld, gegee moet word, moet dit gegee word by 'n adres wat nie 'n posbus of poste restante is nie, binne **[15]** 25 kilometer van die kantoor van die griffier **[waar]** en 'n elektroniese posadres, indien beskikbaar, by enige een waarvan sodanige kennisgewing afgelewer moet word."

**Wysiging van reël 36 van die Reëls**

10. Reël 36 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (4) deur die volgende subreël te vervang:

"(4) 'n Party tot so 'n aksie kan te eniger tyd by skriftelike kennisgewing van die persoon wat skadevergoeding vorder, eis dat die persoon vir sover die persoon daartoe in staat is, binne 10 dae mediese verslae, hospitaaloorkondes, **[X-straalfoto's]** mediese beelde of ander dergelike dokumentêre inligting wat van belang is by die vasstelling van skadevergoeding, beskikbaar stel en op versoek afskrifte of rekords daarvan verskaf."; en

(b) deur subreël (9) deur die volgende subreël te vervang:

"(9) (a) Niemand mag, behalwe met verlof van die hof of die toestemming van alle partye tot die geding, iemand roep om as deskundige te getuig oor aangeleenthede waaroor deskundige getuienis toelaatbaar is nie, tensy—

**[(a)] (i)** waar die eiser voornemens is om 'n deskundige te roep, in welke geval die eiser minstens 30 dae na die sluiting van pleitstukke, of waar die verweerder voornemens is om die deskundige te roep, moet die verweerder minstens 60 dae na die sluiting van pleitstukke, 'n kennisgewing dat hy of sy dit wil doen, afgelewer het; en

**[(b)] (ii)** waar in die geval van die eiser hoogstens 90 dae na die sluiting van pleitstukke en in die die [sic] geval van die verweerder hoogstens 120 dae na die sluiting van pleitstukke, moet die eiser of verweerder 'n opsomming van die deskundige se menings en die redes daarvoor, afgelewer het:

Met dien verstande dat die kennisgewing en opsomming in elk geval afgelewer word voordat 'n eerste saakbestuurkonferensie gehou ingevolge reëls 37A(6) en (7) of soos gelas deur 'n saakbestuurregter.

(b) Die opsomming van die kundige se opinie en redes daarvoor in subparagraaf (a)(ii) bedoel, word deur die kundige self saamgestel en bevat 'n verklaring deur die kundige waarin bevestig word dat die verslag—

(i) in daardie kundige se eie woorde is;

(ii) ter bystand van die hof is; en

(iii) 'n verklaring van die waarheid is."

#### **Wysiging van reël 43 van die Reëls**

11. Reël 43 van die Reëls word hierby gewysig—

(b) deur in subreël (2) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) Die verklaring en kennisgewing onderteken deur die applikant of die applikant se prokureur, moet 'n adres bevat **[vir betekening,]** binne **[15] 25** kilometers van die kantoor van die griffier af en 'n elektroniese posadres, waar beskikbaar, soos in reël 6(5)(b) bedoel, waar betekening by enige van die adresse aanvaar sal word."

#### **Wysiging van reël 46 van die Reëls**

## 12. Reël 46 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur in subreël (1)(b) subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(ii) moet voldoende inligting bevat om die balju in staat te stel om uitvoering te gee aan subreël (3) hierby, met inbegrip van die titelbewysnommer, die ernommer of deeltiteleenheidsnommer, en die uitsluitlike gebruiksg gebied om die akteregistrateur in staat te stel om die onroerende goed te identifiseer en die beslaglegging aan te teken as 'n interdik teen die onroerende goed.”;

(b) deur in subreël (11) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) Enige verliese gelyk vanweë die koper se versuim kan op aansoek van 'n benadeelde skuldeiser **[wie se naam op die balju se distribusierekening verskyn]** in subparagraawe (i) en (ii) van subreël (14)(c), van die koper verhaal word kragtens vonnis van 'n regter wat op grond van 'n skriftelike verslag van genoemde balju gegee word nadat die koper skriftelik in kennis gestel is dat die verslag vir die genoemde doel voor 'n regter gelê sal word.”.

## Wysiging van reël 46A van die Reëls

## 13. Reël 46A van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur in subreël (4)(a) subparagraawe (ii), (iii) en (iv) onderskeidelik deur die volgende subparagraawe te vervang:

“(ii) elke respondent daarin vermeld inlig dat indien die respondent voornemens is om die aansoek teen te staan of om verhoër aan die hof te rig, die respondent dit in 'n beëdigde verklaring moet doen binne 10 dae vanaf betekening van die aansoek en voor die hof verskyn op die datum waarop die aansoek aangehoor sal word; inform every respondent cited therein that if the respondent intends to oppose the

(iii) 'n fisiese adres aanwys binne **[15] 25** kilometer van die kantoor van die griffier

**[waar]** en 'n elektroniese posadres, waar beskikbaar, by enige een waarvan die applikant betekening van alle dokumente in hierdie verrigtinge sal aanvaar; en

(iv) die applikant se **[pos-, faks- of elektroniese posadres]** posadresse of faksimilee-adresse stel, indien beskikbaar.”

(b) deur in subreël (6)(d) subparagraawe (ii) en (iii) onderskeidelik deur die volgende subparagraawe te vervang:

“(ii) 'n fisiese adres binne **[15] 25** kilometer van die kantoor van die griffier en 'n elektroniese posadres, waar beskikbaar, aanwys [waar dokumente aan] by enige een waarvan sodanige respondent **[beteken kan word]** betekening van alle dokumente sal aanvaar; en

(iii) die respondent se **[pos-, faks- of elektroniese posadres]** posadresse of faksimilee-adresse, waar van toepassing, verstrek.”.

#### **Wysiging van reël 53 van die Reëls**

##### **14. Reël 53 van die Reëls word hierby gewysig—**

(a) deur in subreël (1) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) met 'n beroep op die toepaslike magistraat, voorsittende beampte, voorsitter of amptenaar om binne **[vyftien] 15** dae nadat die kennis van voorstel ontvang is, 'n verslag aan die registrateur te stuur van die versoek om sodanige verrigtinge te verbeter of ter syde te stel, insluitende sodanige redes wat die wet van **[hom of haar]** die landdros, voorsittende beampte, voorsiiter of beampte, na gelang van die geval, vereis of versoek om te verskaf of te verstrek en om die aansoeker te verwittig dat **[hy of sy]** sodanige landdros, voorsittende beampte, voorsitter of beampte, na gelang van die geval, dit gedoen het.”.

(b) deur subreëls (3), (4) en (5) onderskeidelik deur die volgende subreëls te vervang:

“(3)Die registrateur sal die verslag wat **[aan hom of haar]** gestuur is, aan die aansoeker beskikbaar stel in terme van sodanige bepalings wat reeds genoem is wanneer die registrateur dink dit is toepaslik om die veiligheid daarvan te verseker en die aansoeker sal vervolgens toesien dat afskrifte van toepaslike gedeeltes van die verslag wat noodsaaklik vir die hersieningsdoeleindes is, gemaak word en sal twee afskrifte daarvan aan die registrateur voorsien en een afskrif aan elke ander party; die aansoeker moet elke juiste afskrif waarmerk. Indien daar enige transkriberingskoste is, sal die aansoeker verantwoordelikheid aanvaar om dit te betaal en dit sal deel van die aansoekskoste uitmaak.

(4) Die aansoeker moet binne **[tien] 10** dae nadat die registrateur die verslag aan **[hom of haar]** die applikant beskikbaar gestel het, deur die aflewering van 'n kennisgewing en aangehegte beëdigde verklaring wat die bepalings van **[sy of haar]** sodanige applikant se kennis van voorstel wysig, byvoeg of verander en die ondersteunende beëdigde verklaring aanheg.

(5) Indien die toepaslike voorsittende beampte, voorsitter of amptenaar, of enige party wat deur die aansoek geraak word, verkies om die bekragtiging teen te staan wat in die kennis van voorstel versoek word, moet **[hy of sy]** sodanige voorsittende beampte, voorsitter of beampte, na gelang van die geval, of sodanige party—

(a) binne **[vyftien] 15** dae nadat **[hy of sy]** die kennis van voorstel of enige wysiging daarvan ontvang **[het] is** aan die aansoeker 'n kennisgewing oorhandig waarin **[hy of sy]** sodanige voorsittende beampte, voorsitter of beampte, na gelang van die geval, of sodanige party hulle voorneme om die aansoek teen te staan te kenne gee en moet in sodanige kennisgewing 'n adres binne **[15] 25** kilometer van die kantoor van die **[registrateur]** griffier en 'n elektroniese posadres, waar beskikbaar aangewys word [waar hy of sy] by enige een waarvan sodanige voorsittende beampte, voorsitter of beampte, na



gelang van die geval, of sodanige party enige kennisgewing of geregtelike bestelling van al die prosesse van sodanige verrigtinge sal aanvaar, asook posadresse of faksimilee-adresse waar beskikbaar; en

(b) binne [dertig] 30 dae na die verstryking van die tydperk waarna in subreël (4) hiervan verwys word, enige beëdigde verklaring oorhandig wat [hy of sy] sodanige voorsittende beampte, voorsitter of beampte, na gelang van die geval verkies in antwoord op die aantygings van die aansoeker.”.

#### Wysiging van reël 58 van die Reëls

15. Reël 58 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (5A) deur die volgende subreël te vervang:

“(5A)Gelyktydig met die aflewering deur 'n eiser van besonderhede van 'n eis, moet sodanige eiser 'n adres spesifiseer [vir diens] binne [15] 25 kilometer van die kantoor van die griffier en 'n elektroniese posadres, waar van toepassing, soos bedoel in reël 6 (5)(b) by enige een waarvan betekening aanvaar sal word.”.

#### Wysiging van reël 59 van die Reëls

16. Reël 59 van die Reëls word hierby gewysig deur subreëls (1), (3) en (4) deur die volgende subreëls te vervang:

- (a) “(1) Enige afdeling van die Hooggeregshof kan 'n persoon wat hom oortuig dat hy of sy daartoe bevoeg is, toelaat en laat inskryf as 'n beëdigde vertaler in enige twee of meer gespesifiseerde amptelike [taal] tale van die Republiek van Suid-Afrika en enige gespesifiseerde vreemde taal.”;
- (b) “(3) Elke behoorlik toegelate en ingeskrewe beëdigde vertaler word vir die betrokke tale geag 'n beëdigde vertaler vir alle afdelings van die Hooggeregshof te wees, en die griffier van die afdeling waarin hy of sy toegelaat is, moet die griffiers van alle ander afdelings in kennis stel van die toelating en van die vertaler se adres.”; en
- (c) “(4)(a) Iemand wat kragtens subreël (1) toegelaat en ingeskryf is, moet voordat hy sy ampswerksaamhede begin uitvoer, onderstaande eed of plegtige verklaring aflê en onderteken—  
'Ek .....(volle naam) verklaar hierby onder eed/plegtig en opreg dat ek in my hoedanigheid as vertaler van die Hooggeregshof van Suid-Afrika enige dokument getrou en korrek na die beste van my kennis en vermoë sal vertaal in 'n amptelike taal van die Republiek van Suid-Afrika uit enige ander taal ten opsigte waarvan ek as vertaler toegelaat en ingeskryf is.”  
(b) So 'n eed of plegtige verklaring word afgeleë voor 'n regter van die afdeling van die Hooggeregshof waarin die vertaler toegelaat en ingeskryf word, en die



betrokke regter endosseer daaronder dat dit voor hom of haar afgelê is en die datum van aflegging, en onderteken dit.”

#### Wysiging van reël 67 van die Reëls

17. Reël 67 word hierby gewysig deur item (c) deur die volgende item te vervang:

(c) Vir 'n afskrif van 'n hofbevel deur die griffier gemaak-	
(i) [vir elke fotokopie van 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	2.00]
[(ii)] vir elke fotokopie van 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	[1.00] 2.20

#### Wysiging van reël 68 van die reëls

18. Reël 68 van die Reëls word hierby gewysig deur die Tarief deur die volgende Tarief te vervang:

#### “TARIEF

Item	R s
1. Vir registrasie van 'n dokument vir betekening of tenuitvoerlegging, by ontvangs daarvan.	[13,00] 14,50
2. (a) Betekening van dagvaardings, kennisgewing van mosie, ander kennisgewings, bevele of enige ander dokumente, elk	[84,50] 92,50
Met dien verstande dat—	
(i) Wanneer 'n dokument saam met 'n prosesstuk beteken moet word en in die prosesstuk genoem word of 'n aanhangsel daarvan is, geen addisionele gelde gevorder mag word vir betekening van die dokument nie. Origens mag [R13,00] R14,50 gevorder word vir elke afsonderlike dokument wat beteken word;	
(ii) Geen gelde vir 'n aparte dokument gevorder word vir die betekening van prosesstukke in strafsake nie.	
(b) Gepoogde betekening van dagvaardings, kennisgewings van mosie, ander kennisgewings, bevele en enige ander dokumente: Met dien verstande dat 'n gepoogde betekening van meer as een dokument aan dieselfde persoon as 'n gepoogde betekening van slegs een dokument beskou word.	[63,50] 69,00
3. Reistoelae:	

(a) Vir die afstand werklik en noodsaaklikerwys deur die balju of sy of haar verteenwoordiger afgelê, behoudens paragraaf 3(c) en (d) bereken, van die kantoor van die balju af vir die heen- en terugreis, per kilometer of deel van 'n kilometer of gedeelte daarvan.	[R6,00] R7,50
(b) Wanneer twee of meer dagvaardings of ander prosesstukke, in opdrag van dieselfde partye, met een en dieselfde reis beteken kan word, moet die reistoelae redelik en billik verdeel word tussen die verskillende sake met inagneming van die afstand wat die onderskeie partye aan wie die prosesstukke gerig is van die kantoor van die balju af woon, maar die gelde is betaalbaar vir elke betekening of gepoogde betekening.	
(c) Die reistoelae soos in paragraaf 3(a) en (b) beoog, moet bereken word volgens die afstand van die kantoor van die balju af indien— (i) die balju se kantoor geleë is binne die regsgebied wat deur die Minister aan die balju toegewys is; en (ii) die afstand van die balju se kantoor af minder is as die afstand bereken vanaf die hofgebou naaste aan die adres van betekening.	
(d) Indien daar nie aan die vereiste in paragraaf 3(c) voldoen word nie, moet die reistoelaag soos beoog in paragraaf 3(a) en (b) bereken word volgens die afstand vanaf die hofgebou naaste aan die adres van betekening.	
4. (a) Posgeld in siviele sake, volgens die postarief.	
(b) Posgeld in strafsake, gratis.	
LET WEL: Die balju kan enige posstuk na die griffier van die Hoë Hof neem of, as daar geen griffier in sy of haar dorp of stad is nie, na die landdros, wat die koevert met sy of haar amptelike frankeerstempel moet merk.	
5. Ter tenuitvoerlegging van enige lasbrief—	
(a) (i) vir die arres van 'n persoon, insluitende sy of haar vervoer na die hof, na 'n prokureur se kantoor of na die gevangenis, per persoon	[106,00] 115,50
(ii) vir vervoer van die betrokke persoon na die hof van die plek van aanhouding op 'n dag na die dag van arres, en bywoning van die hof per uur of gedeelte daarvan	[126,00] 137,50
(iii) vir beslaglegging op goed ad fundandam jurisdictionem of ad confirmandam jurisdictionem	[106,00] 115,50

(iv) waar 'n beslaglegging ingevolge artikel 5(a)(iii) teruggetrek of opgeskort word;	[30,00] 32,50
(b) vir uitsetting, [R126,00] R137,50 per uur of gedeelte daarvan, met 'n minimum van wat die eerste uur insluit (benewens redelike uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan);	[188,00] 205,00
(c) teen onroerende goed-	
(i) vir tenuitvoerlegging, insluitende betekening van kennisgewing van beslaglegging aan die eienaar van die onroerende goed en die registrateur van aktes of ander beamppte belas met registrasie van sodanige goed, en as die onroerende goed deur iemand anders as die eienaar geokkuppeer word, ook aan die okkupant	[251,00] 273,50
(ii) vir kennisgewing van beslaglegging aan 'n enkele huurder of okkupant  (identiese kennisgewings waar daar meer as een huurder, okkupant of eienaar is, vir elkeen na die eerste)	[23,00] 25,50  [8,50] 9,50
(iii) vir waardasie of verslag vir die doel van 'n verkoping, per uur of gedeelte daarvan	[63,50] 69,00
(iv) waar— (aa) 'n balju gemagtig is om eiendom te verkoop en die eiendom nie verkoop nie, omdat die beslaglegging teruggetrek, opgeskort, gestaak of gestuit word, en al die nodige kennisgewing van terugtrekking of opskorting van die beslaglegging  (bb) geregtelike beslaglegging op onroerende goed opgehef word	[251,00] 273,50  [251,00] 273,50
(v) vir die vasstelling en aantekening van watter verband of ander beswarings teen die eiendom geregistreer is, asook die name en adresse van die persone in wie se guns dit geregistreer is, insluitende enige briefwisseling in verband daarmee (benewens redelike uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan)	[126,00] 137,50
(vi) om die vonnisskuldeiser in kennis te stel van sodanige verbande of beswarings en van die name en adresse van die persone in wie se guns dit geregistreer is	[23,00] 25,50
(vii) vir oorweging van bewys dat 'n preferente skuldeiser aan die vereistes van reël 46(5)(a) voldoen	[13,00] 14,50
(viii) vir die kennisgewing in reël 46(6) bedoel	[23,00] 25,50

(ix) vir oorweging van kennisgewing van verkoping wat deur die vonnisskuldeiser in oorleg met die balju opgestel word; en	
(x) vir die nagaan van aangeduide koerante en die Staatskoerant om seker te maak dat kennisgewing van verkoping geplaas is, insluitend geld vir (ix) en (x)	<del>[126,00]</del> <u>137,50</u>
(xi) vir die stuur van 'n eksemplaar van die kennisgewing van verkoping aan elke vonnisskuldeiser wat op die onroerende goed beslag laat lê het en aan elke verbandhouer wie se adres bekend is, vir elke eksemplaar,	<del>[23,00]</del> <u>25,50</u>
(xii) vir die aanbring van 'n eksemplaar van die kennisgewing van verkoping op die kennisgewingbord van die landdroshof bedoel in reël 46(7)(e) en op of so na moontlik aan die plek waar die verkoping sal plaasvind, 'n allesinsluitende bedrag van <del>[R53,00]</del> <u>R58,00</u> en reiskoste in item 3 bedoel	
(xiii) vir—	<del>[126,00]</del>
(aa) oorweging van die verkoopvoorwaardes deur die uitwinnende skuldeiser voorberei;	<u>137,50</u>
(bb) oorweging van verdere of gewysigde verkoopvoorwaardes deur 'n belanghebbende party voorberei;	<del>[126,00]</del> <u>137,50</u>
(cc) skikking van verkoopsvoorwaardes;	<del>[126,00]</del> <u>137,50</u>
(dd) alle nodige bywoning by wet voorgeskryf in verband met vendusies, in die besonder die 'Consumer Protection Act', 2008 (Wet 68 van 2008);	<del>[380,00]</del> <u>414,50</u>
(ee) die voer van 'n vendusie, met die uitsondering dat hierdie geld nie gehef mag word nie indien kommissie ingevolge item (xiv) geëis word nie.	<del>[251,00]</del> <u>273,50</u>
(xiv) by die verkoop van onroerende goed deur die balju as afslaer, 6 persent op die eerste R100 000,00, en 3.5 persent op R100 001,00 tot R400 000,00 en 1.5 persent op die balans van die opbrengs van die verkoping, onderhewig aan 'n maksimum kommissie van R40 000,00 in totaal en 'n minimum van R3 000,00 (insluitende in alle gevalle die balju se bankkoste en ander uitgawes aangegaan om die opbrengs in sy of haar trustrekening in te betaal), welke kommissie deur die koper betaalbaar is;	
(xv) vir—	
(aa) skriftelike kennisgewing aan die koper wat versuim het om aan die verkoopsvoorwaardes te voldoen;	<del>[63,50]</del> <u>69,00</u>
(bb) 'n verslag in reël 46(11) bedoel;	<del>[63,50]</del> <u>69,00</u>
(cc) kennisgewing aan vonnisskuldenaar van die intrekking in reël 46(11)(a)(iii)	<del>23,00]</del> <u>25,50</u>

(dd) kennisgewing ingevolge reël 46(11)(c)	[23,00] 25,50
(xvi) die gee van oordrag aan die koper	[30,00] 32,50
(xvii) vir— (aa) ontvangs van sertifikaat in reël 46(14)(a) bedoel	[23,00] 25,50
(bb) vir die opstel van 'n distribusieplan van die opbrengs (insluitende die nodige afskrifte) en afsending van 'n afskrif aan die griffier	[126,00] 137,50
(xviii) vir kennisgewing aan alle partye wat lasbriewe ingedien het en aan die vonnisskuldenaar dat die distribusieplan ter insae sal lê, vir elke kennisgewing	[23,00] 25,50
(xix) vir die verslag in reël 46A(9)(d) bedoel	[63,50] 69,00
(d) teen roerende goed-	
(i) wanneer 'n lasbrief by aanbidding betaal word, 9 persent van die bedrag aldus betaal, met 'n minimum van R85.00 en 'n maksimum van	[832,50] 908,00
(ii) vir 'n onsuksesvolle poging om beslag te lê, insluitende opsporing vir een uur en navraag	[85,00] 93,00
(iii) waar 'n lasbrief teruggetrek, opgeskort, gestaak of gestuit word voordat daar op enige goed beslag gelê is	[25,00] 30,00
(iv) vir die doen van 'n beslaglegging, met inbegrip van een uur se soek en ondersoek	[172,50] 208,00
(v) kennisgewing van beslaglegging, indien nodig, aan een persoon (identiese kennisgewings waar daar meer as een persoon is wat kennis moet kry, vir elkeen na die eerste)	[22,00] 24,50
	[13,00] 14,50
(vi) waar beslaglegging deur die vonnisskuldeiser teruggetrek word of opgeskort, gestaak of gestuit word voor die verkoping, 3 persent van die waarde van die inbeslaggenome goed of die bedrag van die lasbrief, watter ook al die minste is, maar met 'n maksimum van	[574,00] 626,50

(vii) waar die lasbrief aan die balju betaal word deur die skuldenaar na bestaglegging, maar voor verkoping, 9 persent van die bedrag betaal, met 'n minimum fooi van <del>[R85,00]</del> R93,00 en 'n maksimum van	[832,50] 908,00
(viii) waar beslag op geld gelê word, 9 persent van die betrokke bedrag, maar met 'n maksimum van	[832,50] 908,00
(ix) vir die opstel van 'n advertensie van verkoping van inbeslaggenome goed	[85,00] 93,00
(x) vir die verkoping vir uitwinning, insluitende verdeling van die opbrengs, vir die eerste R15 000.00 of deel daarvan, 9 persent, en daarna 6 persent, met 'n maksimum van:	[11653,50] 12 706.50
(xi) .....	
(xii) kommissie is nie op 'n vonnisskuldenaar verhaalbaar op die waarde van inbeslaggenome roerende goed wat daarna deur 'n derde opgeëis en gevolglik vrygegee is nie, tensy die goed in beslag geneem is op die uitdruklike skriftelike versoek van die vonnisskuldeiser, in welke geval die vonnisskuldeiser teenoor die balju aanspreeklik is vir die kommissie;	
(xiii) vir die versekering van inbeslaggenome roerende goed wanneer dit nodig geag word en in skriftelike opdrag van die vonnisskuldeiser aan die balju is, benewens die premie wat betaal word, 'n allesinsluitende bedrag van	[45,00] 49,00
(e) vir bewaring van goed (geld uitgesluit)-	
(i) vir elke beampte wat noodsaaklikerwys in besit gelaat is, 'n redelike allesinsluitende bedrag per beampte per dag van hoogstens	[158,00] 172,50
LET WEL: 'Bewaring' beteken die voortdurende en noodsaaklike teenwoordigheid op die perseel vir die tydperk waarvoor bewaring bereken word, van iemand in diens van en betaal deur die balju, vir die uitsluitlike doel om besit te behou	
(ii) vir verwydering en opberging, die redelike en noodsaaklike uitgawes daaraan verbonde en, as 'n dier op stal geplaas of gevoer moet word, die redelike uitgawes daaraan verbonde;	
(iii) vir die oppas van lewende hawe, die nodige uitgawes daaraan verbonde;	
(iv) waar geen beampte in besit gelaat word en geen akte van sekerheidstelling verkry is nie, maar die inbeslaggenome roerende goed onder toesig van die balju bly, per dag	[6,00] 7,00



6. (a) Vir die opstel van 'n inventaris, insluitende die maak van alle nodige afskrifte en tyd bestee aan voorraadopname, per uur of gedeelte daarvan	[158,00] 172,50
(b) Vir bystand, waar nodig, by die opstel van 'n inventaris, 'n redelike allesinsluitende bedrag per dag van hoogstens	[158,00] 172,50
7. (a) Vir opstel van relaas van betekening of tenuitvoerlegging, insluitende opstel en tik van die oorspronklike vir die hof, beperk tot een persoon op elke oorspronklike prosesstuk; en	
(b) afskrif daarvan vir die party wat betekening of tenuitvoerlegging verlang.	[52,00] 57,00
8. Opstel en voltooiing van 'n akte van borgstelling, sekerheidstelling of vrywaring	[31,00] 34,00
9. Vir die maak van alle noodsaaklike afskrifte van dokumente per A4-grootte bladsy.	[6,50] 7,50
10. ....	
11. Bywoning van strafsittings van 'n hoër hof of 'n rondgaande hof, [R126,00]R137,50 per uur of gedeelte daarvan met 'n maksimum per dag van	[574,00] 626,50
12. Vir die skryf van elke noodsaaklike brief, faks of e-pos behalwe formele briewe wat prosesstukke of relase vergesel	[23,00] 25,50
13. Maak of beantwoording van elke noodsaaklike telefoonoproep	[20,00] 22,00
14. Afstuur en ontvangs van elke noodsaaklike faksimilee of e-pos per bladsy (benewens telefoongelde):	[8,50] 9,50
15. Bankkoste: Werklike koste aangegaan in verband met bankkoste [en tjekvorms].	
16. Vir die opstel en uitreik van 'n tussenpleitdagvaarding in reël 58 bedoel	[800,00] 873,00
17. (a) Waar die lasgewer die balju skriftelik opdrag gee om 'n dokument in item 2 of 5 bedoel dringend of na-ure te beteken of ten uitvoer te lê, hef die balju 'n bykomende tarief, ongeag of die betekening of tenuitvoerlegging suksesvol was, en sodanige bykomende gelde word deur die lasgewer betaal, behalwe waar die hof anders gelas.	[283,00] 308,00



(b) By die toepassing van paragraaf (a) beteken— (i) "dringend" op dieselfde dag of binne vier-en-twintig-uur van die skriftelike opdrag; en (ii) "na-ure" enige tyd— (aa) voor 7h00 of ná 19h00 van Maandae tot Vrydae; of (bb) op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag.".	
--	--

#### Wysiging van reël 69 van die Reëls

19. Reël 69 van die Reëls word hierby gewysig deur subreël (5) deur die volgende subreël te vervang:

"(5) Die taksering van advokaatsgelde tussen party en party word deur die takseermeester in ooreenstemming met hierdie reël en waar van toepassing, die tarief, gedoen. Waar die tarief nie geld nie, laat [hy] die takseermeester soveel toe as wat hy of sy redelik ag, en nie noodwendig meer as die tarief nie."

#### Wysiging van reël 70 van die reëls

20. Reël 70 van die reëls word hierby gewysig deur die Tarief van Gelde vir Prokureurs deur die ovlgende Tarief van Gelde vn Prokureurs te vervang:

#### "TARIEF VAN GELDE VAN PROKUREURS

##### A – KONSULTASIES, BYWONINGS, SAMESPREKINGS EN ONDERSOEKE

1. Konsultasie met 'n kliënt en getuies om 'n geding in te stel of te verdedig, vir advies oor getuienis of advies op kommissie, vir die verkryging van opinie of die leiding van 'n advokaat by die voorbereiding van pleitstukke, insluitende eksepsies, en om 'n beëdigde verklaring op te stel, per kwartier of gedeelte daarvan—  
 (a) deur 'n prokureur..... [R357,00]R388,00  
 (b) deur 'n kandidaatprokureur..... [R111,50]R120,50
2. Konsultasie om appèl aan te teken, voort te sit of te verdedig, per kwartier of gedeelte daarvan—  
 (a) deur 'n prokureur ..... [R357,00]R388,00  
 (b) deur 'n kandidaatprokureur ..... [R111,00]R120,50
3. Bywoning deur 'n prokureur in die hof by verrigtinge ingevolge reël 37 van hierdie Reëls, per kwartier of gedeelte daarvan ..... [R357,00]R388,00
4. (a) Bywoning deur 'n prokureur, waar noodsaaklik, om by bestrede verrigtinge te help, per kwartier of gedeelte daarvan..... R388,00

- (b) Bywoning deur 'n kandidaatprokureur om, waar noodsaaklik, by bestrede verrigtinge te help, per kwartier of gedeelte daarvan .....[R111,00]R120,50
5. Enige samespreking met 'n advokaat, met of sonder getuies, ten opsigte van pleitstukke, met inbegrip van eksepsies en besonderhede by pleitstukke, aansoeke, beëdigde verklarings en getuienis, en ten opsigte van enige ander aangeleenthede wat die takseermeester noodsaaklik ag, per kwartier of gedeelte daarvan—  
 (a) deur 'n prokureur.....[R357,00]R388,00  
 (b) deur 'n kandidaatprokureur.....[R111,00]R120,50
6. Enige ander samespreking wat die takseermeester noodsaaklik mag ag, per kwartier of gedeelte daarvan—  
 (a) deur 'n prokureur .....[R357,00]R388,00  
 (b) deur 'n kandidaatprokureur .....[R111,00]R120,50
7. Enige inspeksie in situ of elders, per kwartier of gedeelte daarvan—  
 (a) deur 'n prokureur.....[R357,00]R388,00  
 (b) deur 'n kandidaatprokureur .....[R102,00]R120,50
8. Opwagting by blootlegging of insae, per kwartier of gedeelte daarvan—  
 (a) deur 'n prokureur .....[R357,00]R388,00  
 (b)deur 'n kandidaatprokureur .....[R111,00]R120,50
9. Allesinsluitende gelde vir noodsaaklike konsultasies en samesprekings met 'n kliënt, getuie, ander party of advokaat waarvoor nie andersins voorsiening gemaak is nie, per kwartier of gedeelte daarvan—  
 (a) deur 'n prokureur.....[R357,00]R388,00  
 (b) deur 'n kandidaatprokureur .....[R111,00]R120,50
10. Verskyning deur 'n prokureur in die hof of die verrigting deur 'n prokureur van enige van die ander werksaamhede van 'n advokaat kragtens die bepalings van die 'Legal Practice Act, 2014' (Wet 28 van 2014) ..... Die tarief ingevolge reël 69 is van toepassing
11. Die skale van vergoeding in items 1 tot 9 sluit nie reis- en wagtyd in nie en die takseermeester kan ten opsigte van tyd noodsaaklikerwys daaraan bestee, na goeddunke soveel addisionele vergoeding toestaan as wat hy of sy billik en redelik ag, maar hoogstens [R357,00] R388,00 per kwartier of gedeelte daarvan in die geval van 'n prokureur en [R111,00] R120,50 per kwartier of gedeelte daarvan in die geval van 'n kandidaatprokureur, plus 'n redelike bedrag vir noodsaaklike vervoerkoste.

## B - OPSTEL VAN DOKUMENTE

1. Die opstel van 'n formele verklaring in 'n huweliksgeding, bevestigende beëdigde verklaring, beëdigde verklaring, beëdigde verklaring ten opsigte van betekening of ander formele beëdigde verklaring, inhoudsopgawe vir advokaatsopdrag, kort opdrag, getuieverklaring, prokurasie om te dagvaar of te verdedig, asook ander formele dokumente en dagvaardings, insluitende alle dokumente soos die voorgeskrewe vorms in die Eerste Bylae van hierdie Reëls, maar nie die besonderhede van 'n vordering in 'n aanhangsel by die dagvaarding nie: 'n allesinsluitende tarief vir opstel, nasien, tik, uitdruk, afskrifte, aflewering en indiening daarvan, per bladsy van slegs die oorspronklike.....**[R144,00]R156,50**
  
2. Die opstel van ander noodsaaklike dokumente, insluitende—
  - (a) instruksies vir die opinie, vir die leiding van 'n advokaat by die voorbereiding van pleitstukke, insluitende verdere besonderhede en versoeke daarom, insluitende eksepsies;
  - (b) instruksies aan 'n advokaat ten opsigte van alle klasse pleitstukke;
  - (c) 'n eksepsie of beëdigde verklaring, enige kennisgewing (uitgesonderd 'n formele kennisgewing), besonderhede van vordering of 'n aanhangsel by die dagvaarding, 'n opinie deur 'n prokureur of enige ander belangrike dokument waarvoor andersins nie voorsiening gemaak is nie, 'n allesinsluitende tarief vir die opstel, nasien, tik, uitdruk, afskrifte, aflewering en indiening daarvan, per bladsy van slegs die oorspronklike .....**[R357,00]R388,00**
  
3. Briewe, telegramme en faksimilees; 'n allesinsluitende tarief vir die opstel, nasien, tik, uitdruk, aflewering, afskrifte, posgeld en pos daarvan, per bladsy.....**[R144,00]R156,50**

**OPMERKING 1:** Besonderhede van briewe wat afgestuurd is [, telegramme en faksimilees] insluitende briewe wat elektronies oorgesend is, hoef nie in 'n kosterekening gespesifiseer te word nie. Die aantal briewe wat geskryf is, moet vermeld word, asook die totale bedrag wat daarvoor gehef word. Die teenparty sowel as die takseermeester is daarop geregtig om die stukke in te sien, indien die korrektheid van die item betwis word.

**OPMERKING 2:** Wanneer 'n prokureur ook al enige van die werk gelys in hierdie afdeling verrig, is die gelde hierin uiteengesit ten opsigte van sodanige werk van toepassing en nie enige gelde wat van toepassing sou wees kragtens die tarief ingevolge Reël 69 indien 'n advokaat die betrokke werk verrig het nie.

#### C - OPWAGTING EN DEURLESING

1. Ontvangs, inskrywing, deurlesing, oorweging en liassering van—

- (a) enige dagvaarding, beëdigde verklaring, pleitstuk, advokaat se advies en konsep, verslag, belangrike brief, kennisgewing of dokument;
- (b) enige formele brief, oorkonde, voorraadlyste by vrywillige oorgawe, uitsprake of enige ander belangrike dokument nie elders vermeld nie;
- (c) enige plan of bewysstuk of ander belangrike dokument wat noodsaaklik vir die voer van die geding was.....[R72,00]R78,00

2. Sortering, rangskikking en paginerings van stukke vir die opstel van pleitstukke, advies oor getuienis of opdrag vir 'n verhoor of appèl, per kwartier of gedeelte daarvan—
  - (a) deur 'n prokureur.....[R357,00]R388,00
  - (b) deur 'n kandidaatprokureur.....[R111,00]R120,50

**OPMERKING:** Besonderhede van stukke wat ontvang word, hoef nie in kosterekenings gespesifiseer te word nie. Die aantal stukke en bladsye wat ontvang is, asook die totale bedrag wat daarvoor gehef word, moet vermeld word. Die teenparty sowel as die takseermeester is daarop geregtig om die stukke in te sien, indien die korrektheid van die item betwis word.

#### D – DIVERSE

1. Vir die maak van noodsaaklike afskrifte, insluitende fotostate, van enige dokument of stukke waarvoor daar nie reeds in hierdie tarief voorsiening gemaak is nie, per A4-grootte bladsy.....[R5,00]R6,00
2. Opwagting om vertaling te reël en daarna te verkry, per kwartier of gedeelte daarvan—
  - (a) deur 'n prokureur.....[R357,00]R388,00
  - (b) deur 'n kandidaatprokureur.....[R111,00]R120,50
3. Noodsaaklike telefoonoproep: Die werklike koste daarvan plus per vyf minute of gedeelte daarvan—
  - (a) deur 'n prokureur.....[R119,00]R130,00
  - (b) deur 'n kandidaatprokureur .....[R37,00]R40,00
4. ...
5. Getuienis: Billike en redelike vorderings en uitgawes wat volgens die mening van die takseermeester behoorlik aangegaan is vir die verkryging van die getuienis en die bywoning van getuies wie se getuiegelde by taksasie toegestaan is: Met dien verstande dat die voorbereidingsgelde van 'n getuie nie sonder 'n bevel van die hof of die toestemming van alle belanghebbende partye toegestaan word nie.

#### E – KOSTEREKENING

In verband met 'n kosterekening vir dienste gelewer deur 'n prokureur, is die prokureur daarop geregtig om te vorder:

1. Vir die opstel van die kosterekening, die maak van die nodige afskrifte en opwagting by afrekening, 11 persent van die prokureursgelde, hetsy soos gevra in die kosterekening indien nie getakseer nie, of soos toegestaan by taksasie.
2. Benewens die gelde kragtens paragraaf 1 gehef, indien tot taksasie oorgegaan word vir reëling en behartiging van taksasie, en verkryging van toestemming tot taksasie, 11 persent op die eerste R10 000.00 of gedeelte daarvan, 6 persent op die volgende R10 000.00 of gedeelte daarvan en 3 persent op die balans van die totale bedrag van die rekening.
3. (a) Wanneer 'n prokureur van die dienste van 'n ander persoon gebruik maak om sy of haar kosterekening op te stel, moet daardie kosterekening van 'n sertifikaat vergesel gaan waarin daardie prokureur sertifiseer dat—
  - (i) die kosterekening aldus opgestel, behoorlik deur hom of haar nagegaan en korrek bevind is; en
  - (ii) elke beskrywing in sodanige rekening met betrekking tot werk, tye en syfers in ooreenstemming is met dit wat noodsaaklikerwys deur hom of haar verrig is.
- (b) Die takseermeester kan—
  - (i) wanneer hy of sy oortuig is dat aan een of meer vereistes bedoel in item 3(a) nie voldoen is nie, weier om so 'n rekening te takseer;
  - (ii) wanneer hy of sy oortuig is dat gelde in 'n party-en-partykosterekening gevorder word —
    - (aa) vir werk wat nie gedoen is nie;
    - (bb) vir werk waarvoor gelde in 'n prokureur-en-kliëntekosterekening gevorder moet word; of
    - (cc) wat buitensporig hoog is,

die prokureur die vergoeding bedoel in items 1 en 2 van hierdie afdeling ontsê, indien meer as 20 persent van die aantal items in die kosterekening, insluitend uitgawes, of van die totale bedrag van die kosterekening, insluitend uitgawes, afgetakseer word.

**OPMERKING:** Die minimum gelde onder items 1 en 2 is ~~[R284,00]~~R309,50 per item.

#### F - TENUITVOERLEGGING

1. Opstel, uitreiking en uitvoering van 'n lasbrief vir eksekusie en alle opwagtinge in verband daarmee, uitgesonderd baljugelede

	indien nie getakseer nie).....	[R710,00]R772,00
2.	Heruitreiking.....	[R179,00]R194,00"

#### Vervanging van reël 71 van die Reëls

21. Reël 71 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

##### "71 Herroeping van reëls

